Familienuus 362

4 Junie 2019

Familienuus 362

VANUIT DIE SINODEHUIS

Dis Pinkstertyd.… Oral hoor ons leraars gesels oor hulle Pinksterdienste en temas. Dis lekker. Mag 2019 se Pinkster vir ons almal 'n geseënde ervaring wees. Mag ons opnuut weer deur die Gees van God vasgemaak word aan die lewe, die werk en die hart van Jesus Christus. Die Gees wil die Evangelie van Jesus Christus baie diep in ons harte neersit – en van ons af ook in die harte van almal wat ons pad kruis.

Wat 'n heerlike voorreg!

Francois Retief

GEMEENTES

Dullstroom reël 'n gholfdag op 28 Junie vir mense wat hou van gholf én nie bang is vir koudkry nie. Besonderhede is hier

aangeheg.

Ons **Pretoria-gemeentes** kan hier help: Neels Jackson vertel ons van die bekende PEN Middestadsbediening se herwinningsprojek waarby gemeentes kan inskakel en ook kan hulp verleen.

Witrivier se nou-reeds-bekende-reekse vir kleingroepe spreek 'n uiters aktuele saak aan: sekularisasie.

LERAARS

Ernst Breet van Krielpark het 'n beroep na Vryburg-Noord aanvaar. Sy afskeidsdiens is op 30 Junie. Geniet die Noord-Kaap, Ernst!

Uli Trümpelmann emeriteer aan die einde van Augustus. Sy afskeidsdiens is reeds 9 Junie waarna hy met verlof is tot by sy emeritaat. Uli se Sinodelied sal maak dat hy altyd deel van die familie van Oostelike Sinode bly. Mooi loop, Uli.

Jurgens de Jager beplan 'n gholfdag vir leraars en emeriti. Kontak hom gerus by dsjurgens@ngwitrivier.co.za

Die dominee probeer hard om sy gholfspelende diaken te oortuig van elkeen se persoonlike missionale bediening. "As jy nou Saterdag afslaan op die eerste bof en saam met jou medespelers aanstap na waar julle balletjies lê, kan jy mos maklik iets oor die Here se skepping of 'n kort getuienis oor wat die Here vir jou gedoen het, met hulle deel." Sy antwoord? "Dominee, daar waar my balletjie gewoonlik gaan lê, loop nie ander mense

nie…"

SINODALE DIENSRAAD EN RINGE

Drie lede van ons Sinodale Diensraad het die Ringe van Middelburg en Witbank in die afgelope week besoek. Dit is deel van die Sinodale Diensraad se uitreik na ons leraars. Dit was baie aangename en geestelik verrykende geleenthede. Ons ontvang mooi terugvoer vanaf die leraars wat betrokke was.

Hierdie een-dag gesprekke oor roeping, gemeente-bediening, persoonlike geloofsversterking en aktuele sake in die kerkomgewing gaan in al ons Ringe aangebied word. Ringe wat nog nie reageer het om 'n datum vas te maak nie moet die Sinodehuis sommer dadelik kontak.

Sinodale Diensraad besoek Ringe Witbank en Middelburg.

FINANSIËLE STATE 2018/2019

Baie dankie vir al die state wat reeds ontvang is. Ons waardeer die harde werk wat hiermee gedoen word. Ons **sperdatum is 15 Junie** – help asseblief dat ons die gemeente se state ontvang – daar moet 'n reusewerk gedoen word om 84 gemeentes se besonderhede te verwerk.

Hierdie state is nie net vir die Sinode belangrik nie. 'n Gemeente se finansiële state is 'n uiters belangrike dokument om die **finansiële gesondheid** van die gemeente te bepaal. Dit **hoort op die tafel van die kerkraad** as die verantwoordelike regspersoon. Bestudeer dit deeglik om bewus te wees van

tendense oor inkomste en uitgawes, verpligtinge ten opsigte van verlof, personeeluitgawes en al die baie ander data wat in die state lê. Vra kundiges om te help met die interpretasie van hierdie syfers.

VERTEL JULLE STORIE MET 'N 90 SEKONDE VIDEO!

Lourens Bosman skryf dat die Algemene Sinode graag by die sitting in Oktober kort videos wil wys oor waar die NG Kerk se gemeentes aan die werk is en 'n verskil maak.

Ek het al die eerste video gesien – ons wag nog vir jou gemeente se verhaal.

Danie Mouton van Oos-Kaap het riglyne opgestel vir die maak van só 'n video met jou selfoon.

AKTUEEL

CMR Mpumalanga maak ons bewus van kinderloosheid, aanneming en pleegsorg. Sonja van Niekerk, CMR Supervisor te Ermelo, het hierdie dokument opgestel wat aan lidmate wat hieroor wonder, gegee kan word. Kontak gerus jou naaste CMR-kantoor vir verdere advies. Hulle jongste Nuusbrief word ook hier aangeheg.

TOERUSTING

"Verryk en verdiep jou huwelik" is die kursus wat deur Wentzel Coetzer op 20 Julie aangebied word.

Moreletapark Assosiasie bied 'n Rekonsiliasie-werkswinkel aan op 12 Junie.

Bybel-Media stel die Bybelboek-reeks bekend: Bybelstudies oor die verskillende boeke van die Bybel.

Simeka, die administrateurs van ons Predikante Pensioenfonds asook die Amptenare Pensioenfonds, gee raad oor finansiële vryheid, skuld en voorsiening vir aftrede.

Excelsus gee inligting oor Lentekonferensie 2019 en Brugbediening.

Die **pastorale hantering van trauma** word aangespreek in hierdie 2 dae werkswinkel.

Christelike Lektuurfonds (CLF) stuur inligting aan elkeen wat nog altyd 'n boek wou uitgee:

Barnabas Uitgewers, 'n afdeling van Christelike Lektuurfonds, bied geruime tyd reeds 'n selfpublikasiediens aan skrywers. Enige persoon wat nog altyd graag sy/haar manuskrip wou laat publiseer, maar nie weet hoe om te werk te gaan nie, kan nou die volledige projek deur Barnabas Uitgewers laat doen. Daar is soveel kosbare verhale van gemeentes of lewensverhale van uitsonderlike sendingwerkers en staaltjies in die bediening wat vertel moet word! Die diens sluit redigering, bladuitleg en druk van 'n ooreengekome aantal boeke in. Stuur jou manuskrip na of rig enige navrae aan publisher@clf.co.za

VERJAARDAG – OOSTELIKE SINODE 40 JAAR

Op 2 November 2019 is ons Sinode 40 jaar oud. Ons gaan hier herinneringe uit die ouer dae opdiep. *Moet nooit die waarde daarvan om julle gemeente se geskiedenis te vertel en weer te waardeer, onderskat nie. Gesels gereeld oor die "groot dinge wat God gedoen het…"*

'n Paar interessante wetenswaardighede:

14 Oktober 1962 Die Algemene Sinode word saamgestel
2 November 1979 Die Sinode van Oos-Transvaal stig af van Sinode Noord-Transvaal. Die eerste Moderatuur bestaan uit ds Nico Mostert, ds Piet Viviers, dr Kerneels van Heerden en ds Freek Swanepoel.
16 Oktober 2007 Die Sinode van Oos-Transvaal se naam word verander na Oostelike Sinode

Wat daarvan as ons méér vir mekaar begin bid? Kom ons eer die Here vir die werk van gelowiges oor geslagte heen in ons Sinode se gebied. Die vrug daarvan lê in mense se lewens.

VERJAARSDAE – PREDIKANTE

11 Junie – Eliska Muller, Nelspruit-Westergloed, eliska@westergloed.co.za
14 Junie – Dion van Dyk, Morgenzon, dionvdyk@mweb.co.za
14 Junie – Antoinette Wilson, Lydenburg-Suid, a14wilson@gmail.com
16 Junie – Hennie De Vos, Rietkuil, hjddevos@gmail.com
16 Junie – Gerrit Vosloo, Nelspruit-Suid, gerritvosloo@yahoo.com
20 Junie – Charl Bredell, Premiermyn, charl.bredell@gmail.com
21 Junie – Arnau van Wyngaard, Shiselweni SRC, wyngaard@lando.co.za
22 Junie – Tertius Erasmus, Bronkhorstspruit, erasmus.tertius@gmail.com
25 Junie – Nico Swart, Skuilkrans, nico@skuilkrans.co.za
2 Julie – Erik Immelman, Midrand (Halfweghuis), erikjen@iafrica.com
7 Julie – Thinus Prinsloo, Carolina, mfprinsloo@gmail.com
9 Julie – Izak Liebenberg, Meyerspark, ilieb@absamail.co.za
9 Julie – Gawie Malan, Pretoria-Oosterlig, gglmalan@gmail.com
13 Julie – Henk Janse van Rensburg, Pierre van Ryneveld, henk@pvr.co.za
14 Julie – Zander van der Westhuizen, Tygerpoort, zander@ngtyger.com
15 Julie – Christiaan Ackermann, Silvertonkruin, christiaanack@gmail.com

VERJAARSDAE – EMERITI

14 Junie – Francois Botha, Ermelo-Oos 2013, afrancoisb@gmail.com
18 Junie – Jan van Zyl, Nelspruit-Westergloed 2006, marthavz@vodamail.co.za

19 Junie – Lalie Lombaard, CWR Direkteur 2002, laliebymelkbos@gmail.com
30 Junie – Gerrie Doyer, Witrivier 2016, gerrie@ngwitrivier.co.za
4 Julie – Manie Crouse, Malelane 2002, herman.crouse@vodamail.co.za
6 Julie – Bertie Driescher, Kemptonpark-Suurfontein 2000, bertisa@telkomsa.net
11 Julie – JP Pienaar, Amsterdam 2014, jppienaar@telkomsa.net
13 Julie – Sampie Niemand, Meerensenn 2000, niemand.sampie@gmail.com
14 Julie – Adriaan van der Wart, Valleisig 2003, vanderwart@telkomsa.net
14 Julie – Phillip Venter, Skuilkrans-Pretoria 1995, 082 455 1491

VERJAARSDAE – GEMEENTES

4 Junie – Olifantsfontein, oliesng@gmail.com (71)
8 Junie – Groblersdal, kantoor@lantic.net (79)
8 Junie – Phalaborwa, ngkphala@gmail.com (58)
10 Junie – Goedgegun-Swaziland, nggoedgegun@swazi.net (97)
13 Junie – Kampersrus, deogloriakerk@gmail.com (60)
18 Junie – Witbank-Suid, ngkwsuid@lantic.net (65)
28 Junie – Witrivier, kerkkantoor@ngwitrivier.co.za (78)
30 Junie – Silvertonkruin, silvertonkruin@absamail.co.za (44)
1 Julie – Elarduspark, kerkkantoor@ngelarduspark.org.za (44)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

LAAT U RYK, HEER,
IN ONS, DEUR ONS,
ORAL KOM!